

# Keke se swaai

Marion Drew and Khothatso Ranoosi

Afrikaans

Keke sit op haar swaai.

Sy is mal oor haar swaai.

Dis haar gunsteling swaai by die skool.





Keke beweeg stadig op haar swaai

Vorentoe en agtertoe.
Vorentoe en agtertoe.

As Keke beweeg, gaan haar swaai vinniger en vinniger.

Sy was gou heel bo.

Keke kyk af grond toe.

Sy sien sy is baie hoog.

“Aeei,” roep sy, "Kyk hoe hoog is ek!"





Sy was bly om so hoog te wees.

Sy kon die hele dorp sien.

Sy was amper so hoog soos die voels. Sy was bo die mielielande.

Na 'n rukkie wou Keke weer af kom.

Die swaai wou nie stop nie.

“Oh, oh, oh,” roep sy.
“Ek weet nie hoe om die swaai te stop nie!"





Die swaai hou aan en aan.

Op en af, op en af.

Keke was bang.
“Waarheen gaan hierdie swaai my vat?
Ek kan dalk na die maan toe gaan!
Ek moet hier af kom!” huil sy.

Keke los toe die swaai.

Sy val af, af, af...





“Oh, oh, oh,” roep die ander kinders.

Keke het op die grond geval.
Sy het haar kop seer gemaak
“Eeeeh, eeeeh, eeeh,” huil sy.

Die ander kinders was baie bekommerd oor Keke.

Keke weet nie wat om te doen nie.
“Eeeeh, eeeeh, eeeh,” huil sy weer.

Die kinders gaan roep hulle juffrou.
“Juffrou Mpho. Kom asseblief!" roep die kinders.
“Keke het van die swaai af geval en haar kop seer gemaak."






Juffrou Mpho hardloop na die swaai toe.

Sy tel vir Keke op.

Juffrou Mpho soen vir Keke op haar kop.

Keke glimlag, “Dit voel baie beter.”
“Ek gaan nie weer alleen op daardie swaai gaan nie,” se Keke.
“Ek wil nooit na die maan toe gaan nie.”





“Volgende keer gaan ek saam jou op jou swaai wees, Keke,” se juffrou Mpho.
“Ons kan saam na die maan toe gaan!”

# Keke se swaai

Writer: Marion Drew and Khothatso Ranoosi
Illustration: Marion Drew
Translated By: Kimberly Lange
Language: Afrikaans



This story was developed in Paleng Children's Centre, Malea-lea, Lesotho http://paleng.weebly.com/, Facebook Paleng.

© African Storybook Initiative, 2015

This work is licensed under a Creative Commons Attribution (CC-BY 4.0) Version 4.0 International Licence
Disclaimer: You are free to download, copy, translate or adapt this story and use the illustrations as long as you attribute or credit the original author/s and illustrator/s.

Saide
South African Institute for Distance Education
www.africanstorybook.org
A *Saide* Initiative